



Vak: Graad 8 Sosiale Wetenskappe (Geografie)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geografie): Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 102 Punte

1. Madagaskar | Dit is Madagaskar

3 punte

Verduideliking:

Madagaskar is die vierde grootste eiland in die wêreld.

2. subarktiese | subnoordpoolse

3 punte

Verduideliking:

Sub = onder

Sub-Noordpool / Subarktiese = onder die Noordpool

3. 21-30 | 21 tot 30

3 punte

Verduideliking:

Heldergroen verteenwoordig **21-30** dele fosfor.

4. onwaar

3 punte

Verduideliking:

Dit is **nie** hoe die Westelike Eriemeer in die regte lewe lyk nie!

Data van satelliete is geanaliseer en kleurgekodeer, sodat wetenskaplikes kan sien waar die grootste konsentrasie fosfor in die Eriemeer is.

Die fosfor word deur skadelike alge vervaardig.

5. waar

2 punte

Verduideliking:

Twaalf van hierdie tydsones lê oos van die Eerste-meridiaan (0°) na die Internasionale Datum Lyn (180°) en twaalf lê wes van die Eerste-meridiaan (0°) na die Internasionale Datum Lyn (180°).

6. A: met 10 ure vorentoe

4 punte

Verduideliking:

Die gemiddelde verskil tussen die lengtegrade van die stede is 150°.

Elke 15° stel een uur voor. $150^\circ \div 15^\circ = 10$.

Hulle reis Oos (vorentoe in tyd) van die Eerste-meridiaan met 150 grade.



7. verhouding | klein

4 punte

Verduideliking:

Hoe groter die getal op die skaal is, hoe minder besonderhede sal op die kaart verskyn.

8. die temperatuur van die land en see | wolkbedekking

4 punte

Verduideliking:

In hierdie satellietbeeld word **wolkbedekking** en **die temperatuur van die land en see** gemonitor, soos duidelik blyk uit die byskrifte.

9. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Twee soorte skale verskyn op meeste kaarte nl. **verhouding- en lynskale**. Wanneer ons 'n **woordskaal** gebruik, sê ons bloot wat die lynskaal ons vertel.

10. waar

2 punte

Verduideliking:

Die ewenaar (verdeel die aarde in suidelike en noordelike halfrondtes) en die Greenwich Meridiaan (verdeel die aarde in westelike en suidelike halfrondtes) gaan deur die Afrika-kontinent.

11. Groot Karoo | loefsy

4 punte

Verduideliking:

Beaufort Wes ontvang 'n jaarlikse reënval van 160 mm. Die hoogste reënval is in Maart en die laagste in Julie.

12. laer | kouer | koeler

3 punte

Verduideliking:

Die lug by hoër hoogtes is minder dig en kouer as dié by laer hoogtes.

13. die afstand van die oseaan | die oseaanstroom

4 punte

Verduideliking:

Die warm Mosambiekse stroom beïnvloed die temperatuur van die ooskus (bv. Oos-Londen) en die koue Bengaalse stroom beïnvloed die temperatuur en reënval van die weskus (bv. Port Nolloth).

14. 17:00

3 punte

Verduideliking:

Greenwich is 'n plek naby Londen waardeur die Eerste-meridiaan (0°) loop. 15° dui een uur tydverskil aan, so 30° is 'n twee-uur tydverskil.

Kaapstad lê na die ooste van die Eerste-meridiaan en is daarom voor Londen se tyd.



15. A: millimeter

4 punte

Verduideliking:

'n Verhoudingskaal vergelyk afstande op 'n kaart met die afstande op die grond in dieselfde afmeting.

16. in die tropiese en sub-tropiese streke | in die binneste van die vastelande

4 punte

Verduideliking:

Die warm semi-droë klimate het baie warm somers en matige tot warm winters.

Die koue semi-droë klimate is ver weg geleë van die oseaan en neig om koue winters te hê. Party streke kry selfs sneeu gedurende die winter.

17. wes na oos | 'n kloksgewyse | 'n anti-kloksgewyse

6 punte

Verduideliking:

Hierdie teenoorgestelde rotasie is te wyte aan die Koriolis effek, 'n effek waarby 'n massa wat beweeg in 'n roterende sisteem 'n mag/krag ervaar (die Koriolis mag/krag) wat loodreg tot die rigting van die beweging en tot die as van die rotasie reageer.

Op die aarde neig die effek om die bewegende voorwerpe regs te buig in die noordelike halfgrond en na links in die suidelike halfgrond.

Merk 'n bal met NOORD bo en SUID onder, draai die bal van wes na oos. Terwyl jy dit doen, kyk na die rotasie van bo (noord) en dan van onder (suid).

18. D: tropiese

4 punte

Verduideliking:

'n Tropiese klimaat word tussen die breedtegrade van omtrent 5° tot 35° aangetref.

Die temperatuur is hoog gedurende die jaar, met die gemiddelde temperatuur bo 18°C.

19. woord

3 punte

Verduideliking:

'n Woordskaal gebruik 'n stelling in woorde om die skaal van 'n kaart te beskryf.

20. -9 | +4

4 punte

Verduideliking:

(1): $135^\circ \div 15^\circ = 9$

Wes van die Eerste-meridiaan maak dit -9.

(2): $60^\circ \div 15^\circ = 4$

Oos van die Eerste-meridiaan maak dit +4.



21. D: 21 Desember

4 punte

Verduideliking:

In die posisie waar die Kreefskeerkring direkte sonlig ontvang, ervaar die Suidelike Halfrond langer dae en korter nagte terwyl die Noordelike Halfrond korter dae en langer nagte ervaar.

22. A: 5,5°C

4 punte

Verduideliking:

Die algemene reël is vir elke 1 000 m toename in hoogte, die temperature met 6,5°C val.

In hierdie geval, $12^{\circ}\text{C} - 6,5^{\circ}\text{C} = 5,5^{\circ}\text{C}$

23. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Uppington is nader aan die ewenaar (lengtelyn) as Sutherland en ervaar dus hoër temperature as Sutherland.

24. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Dit is noord van die ewenaar.

25. E: 0, 6 km

4 punte

Verduideliking:

Die skaal is 1: 10 000.

$6\text{ cm} \times 10\,000 = 60\,000\text{ cm} = 600\text{ m}$

Die afstand op die grond (in werklikheid) is 0, 6 km.

26. 1 000 meter | 6,5°C

4 punte

Verduideliking:

Hoe hoër die hoogte, hoe kouer die temperatuur.

Lug by hoër hoogtes is minder dig en kouer.

27. B: Mediterreense

4 punte

Verduideliking:

Die warm tot hittige somers, en die koel tot koue en nat winters, is ideale toestande vir hul om in te groei.



28. waar

2 punte

Verduideliking:

Lug by hoër hoogtes is kouer; want die molekules beweeg stadiger; hul is verder uitmekaar en die lug is minder dig.

Lug by laer hoogtes is warmer en die molekules beweeg vinnig wat beteken daar is minder spasie tussen die molekules; dit beteken dat die lug minder dig is.

Die algemene reël is vir elke 1 000 m toename in hoogte, val die temperatuur met 6,5°C.

29. C: 'n spoorwegstasie

4 punte

Verduideliking:

Die **spoorwegstasie** links van die stadion is voor die 2010 FIFA Wêreldbeker opgeknep.

30. Winter

3 punte

Verduideliking:

21 Junie is die **Wintersonstilstand** (of midwinter) in die Suidelike Halfrond.

Totaal: 102 Punte

